LAERSKOOL: SELFMOTIVERING

# KOM ONS MAAK GESKIEDENIS WEER HOOGMODE!

*Mnr. A. Brandt*
*Laerskool Mikro, Kuilsrivier*

*HOEKOM BESTUDEER ONS GESKIEDENIS*?

* Die VERLEDE van mense het daartoe bygedra om ons te maak wat ons VANDAG is.
* Dis ongelooflik!! Alles wat elke dag gebeur (die vordering of probleme op alle terreine) is die PRODUK van die VERLEDE.

HAAI! IS JUL DOL OOR GESKIEDENIS?

* Bekende geskiedskrywer, F.A. van Jaarsveld, sê by geleentheid geskiedskrywing is soms "verbeeldingloos", "ouderwets" en sonder relevansie vir die leefwêreld van die Suid-Afrikaanse leerling.
* Blanke matrikulante, wat Geskiedenis as vak neem, daal: 1940: 82%; 1984: 30%; 1987: 20%. (Vandag?)
* Dit lyk asof Geskiedenis uit die mode geraak het ...

HOE GAAN ONS GESKIEDENIS DAN HOOGMODE HOU?

* Die ander vakke het die "voordeel" dat hul in vandag se tyd afspeel.
* Dink jul nie EIETYDSE (aktuele) GEKSIEDENIS is 'n wonderlike oplossing hiervoor nie?

EIETYDSE Geskiedenis is geskiedkundige gebeure wat ons self beleef. (Gister en vandag!)

Mens leer om *histories te dink*! Jy kan self aflei hoe sekere gebeure ons toekoms beïnvloed.

FANTASTIES!!!

Dis heerlik om historiese inligting te interpreteer en te beoordeel. Daar is nou nie meer te veel inligting nie - eerder te veel om uit te kies.

Nou kan jy ook aan vandag se gebeure deelneem. Dis lekker om 'n kritiese mening daaroor uit te spreek. (Weens jou behoorlike kennis).

KENNIS van en INSIG in hendendaagse gebeure speel 'n belangrike rol in jou vorming as mens.

Dit kan ook nie ander nie: Vandag se JEUG is môre se LEIERS!

Our children cannot built
on any foundation that our own,
Yet they are not bound
to repeat our failures for ever.

They have in them a creative power,
which, if wisely encouraged and guided,
may so remould our best that,
As the dark shadows pass
The life of the world may move forward
into broad, sunny uplands.

And become worthier than anything
we have ever seen!

(Aangepas, Sir Percy Numm)

GESKIEDENIS (ST. 4)

VESTIGING VAN DIE VERSKILLENDE GROEPE NA DIE GROOT TREK

DOELWITTE VIR HIERDIE MODULE:

1. Leer ken die verhouding(s) tussen die Blankes, Xhosas en Zoeloes vandag.
2. Weet hoe het die verskillende groepe mekaar na die Groot Trek aanvaar.
3. Weet waar dié groepe vandag bly.

DOELWIT 1: Leer ken die verhoudings tussen die Blankes, Xhosas en Zoeloes vandag.




Fig. 1




Fig. 2




Fig. 3

Uit: Die Burger



Fig. 4




Fig. 5

Uit: Grogan's South Africa

Beantwoord die volgende vrae so volledig moontlik:

1. Benoem die leiers in figure 1, 2, 3 en 4 en sê ook watter volke hulle onderskeidelik verteenwoordig.

Fig. 1:

Fig. 2:

Fig. 3:

Fig. 4:

2. Noem 'n tradisionele wapen uit fig. 5.

3. Die Zoeloes is ongeveer 8 miljoen teenoor die Blankes se skrale 4,5 miljoen.

(a) Is daar 'n goeie verhouding tussen die leier van die Zoeloes en die Blankes?

..............................................................................................

(b) Waar het dié 2 bevolkingsgroepe dan vrede gemaak?

..............................................................................................

..............................................................................................

4. Alhoewel die Xhosas ongeveer 7 miljoen is, is daar tog wantroue tussen die leiers van die Blankes en die Xhosas. Hoekom?

..............................................................................................

..............................................................................................



Fig.6

Uit: Die Burger

5. Sê of die volgende stellings waar of onwaar is. Gee bewyse indien jou antwoord onwaar is:

(a) Die persone in fig. 6 word almal met die Xhosas geassosieer.

..............................................................................................

(b) Die leier van die grootste Zoeloeparty is mnr. Mandela.

..............................................................................................

Hou eers 'n klasgesprek voordat jul die volgende vrae beantwoord:

6. Hoewel die koning van die Zoeloes met 'n Xhosa-vrou getroud is, is die verhouding tussen dié 2 bevolkingsgroepe baie gespanne. (Fig. 4)

(a) Hoekom?

..............................................................................................................................

(b) Bewys bogenoemde stelling:

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

7. Watter Zoeloe-koning (Fig. 5) het in 1838 min of meer dieselfde woorde gespreek as Biskop Tutu? ("Stop die geweld"!)

..............................................................................................................................

8. Die polisiekonstabel en Dingaan het op verskillende maniere gesag uitgeoefen en orde gehandhaaf. Sê hoe. (Fig. 5)

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

DOELWIT 2: Jy moet weet hoe die verskillende groepe mekaar na die Groot Trek aanvaar het.

B. Elke bevolkingsgroep het oorspronklik sy eie ruimte gehad waar hy homself gevestig het. Mettertyd het ander groepe hulle ruimte binnegetree. Kom ons kyk na hul reaksies:

> Kaap se grense
> N.S., Paarl, skryf:
> Die swart mense het histories geen aanspraak op Kaapland nie. Die blanke en bruin mense moet dit by hulle en die wêreld tuisbring. Kaapland se grense moet tot by die Oranje- en die Visrivier strek. Die swart mense hoort histories anderkant daardie grens. Die Regering het 'n groot fout gemaak toe hy swartmense tot Wes-Kaapland toegelaat het.

Fig. 7

Uit:
Die Burger

1. Lewer feitelike kommentaar op bogenoemde brief. (Fig. 7) Gebruik inligting en feite uit die Groot Trek (Hoofstuk 1).

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

2. Gestel jy is 'n boer wat aan die noordekant van die Oranjerivier bly. Skielik kom daar 'n groep Voortrekkers aan en eien jou grond op. Wat sal jou reaksie hierop wees?

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

3. Na aanleiding van vraag 2, bespreek die opskrif in fig. 8.

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

| Fig. 8 |
|---|
| <u>Swart geweld</u>?<br>Zoeloe en Xhosa veg al meer as 150 jaar … |


4. Noem 3 voorbeelde wat sekere bevolkingsgroepe reeds gedoen het om vrede en voorspoed vir alle mense in S.A. te verseker.

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

..............................................................................................................................

DOELWIT 3: Jy moet weet waar bly die verskillende groepe vandag.



LEIERS

Buthelezi; Lucas Mangope; T.K. Mopeli; M.N. Ramodiki; E. Mabuza, br. O. Gqozo; Hudson Ntsamisi; genl. B. Holomisa; G. Ramishawana; S.J. Mahlangi.

<u>Gebruik jou atlas om jou te help met die volgende vrae:</u>

(a) Identifiseer die Swart <u>Onafhanklike state</u> genommer 1 tot 4 op bogenoemde kaart van Suid-Afrika en voltooi die onderstaande tabel. Kies <u>leiers</u> uit die name onderaan die kaart.

| STAAT | INWONERS | LEIER |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |
| 3. | | |
| 4. | | |

(b) Identifiseer die swart <u>Nasionale State</u> genommer 5 tot 10 op bostaande kaart en voltooi die onderstaande tabel. Kies <u>leiers</u> uit die kolomme onder aan die kaart.

| STAAT | INWONERS | LEIER |
|---|---|---|
| 5. | | |
| 6. | | |
| 7. | | |
| 8. | | |
| 9. | | |
| 10. | | |

